

# Borg 'n Boek-projekte

## DEEL I

### 1. Die Tracing History Trust

Die Tracing History Trust is in Desember 2007 as 'n nie-winsgewende organisasie in Kaapstad opgerig en in Januarie 2008 geregistreer. Die Trust se sake word tans deur die drie stigterslede, naamlik dr. Antonia Malan, dr. Fanie Marais en dr. Helena Liebenberg hanteer.

Die Trust is opgerig met die doel om transkriberings- en verbandhoudende projekte en die befondsing hiervoor deur plaaslike en internasionale instansies/organisasies, op 'n deursigtige wyse te administreer.

Die Trust streef daarna om met die hulp van befonders projekte kleiner as, of soortgelyk aan die Nederland-befondsde transkriberingsprojekte, naamlik TANAP (2001-2003) en TEPC (2004-2008) te onderneem, ten einde in toenemende mate argiefinligting aan die publiek, navorsers, akademië, onderwysdepartemente, museums, ens. beskikbaar te stel.

Die Trust hanteer projekte wat aan sy doelstellings voldoen en tree op as fasiliteerder; gevolglik word kundiges en buite-instansies betrek vir die uitvoering van die verskeidenheid take wat ter sprake is.

### 2. Uitvoer van take

Wat digitaliseringsprojekte betref, betrek die Trust kundiges onder andere uit die beskikbare personeel van die TANAP- en die TEPC-projek wat in die Kaapstadse Argief uitgevoer is. Die dienste wat tans deur die Trust se gekoöpteerde kundiges aangebied word, is dié van die fotografering, transkribering en redigering van argiefmateriaal, indeksering (indien nodig) en projekbestuur.

Tydens digitaliseringsprojekte waar foto's/afbeeldings van materiaal deur die gasheerargief (bv. die Nasionale Archief in Den Haag) beskikbaar gestel word, word die volgende proses gevolg om die inhoud uiteindelik in pdf-formaat op CD en die Internet te laat verskyn:

#### *Taak om oorsee te verrig*

- Fotografering van argiefdokumente in gasheerargief

#### *Take om plaaslik te verrig*

- Redigering van gefotografeerde afbeeldings
- Uitdruk van geredigeerde afbeeldings vir doeleindes van transkribering
- Transkribering van afbeeldings
- Redigering van getranskribeerde teks
- Tegnieëse voorbereiding van geredigeerde teks
- Vervaardiging van CD (materiaal, ontwerp van verpakking, skryf van CD)

Die Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens (<http://www.sentrum.co.za>) tree op as buite-instansie om tegnieëse bystand vir enige Trust-projek te lewer. Tydens die TANAP- en TEPC-

projek was die Sentrum benewens die verlening van tegniese bystand ook betrokke by die digitale beskikbaarmaking van die data vir die Internet, skandering en fotografering van argief-dokumente, asook die vervaardiging van projek-CD's.

### **3. Samewerking met buitelandse argiewe en instansies**

Die Trust het ten doel om saam met plaaslike en internasionale instansies en organisasies aan soortgelyke transkriberingprojekte te werk.

Die uitbreiding van betrekkinge met veral die Nasionaal Archief in Den Haag is die aangewese weg om te volg. Sedert die aanvang van die TANAP-projek in 2001 is daar 'n goeie werksverstandhouding met die Nasionaal Archief in Den Haag gevestig en tans word die data van albei projekte (TANAP volledig, en TEPC tans gedeeltelik) op die TANAP-webtuiste gehuisves.

Die samewerking is verder uitgebou toe die TEPC-projek in Oktober 2007 'n professionele fotograaf na die Nasionaal Archief gestuur het om van die VOC-amptenaarrolle en vryeliedelyste wat in die Kaapstadse Argief ontbreek, in Den Haag te gaan fotografeer. Danksy die professionele hulp en bystand deur die Nasionaal Archief se personeel het hierdie besoek besonder suksesvol afgeloop.

Daar was egter nie meer tyd of geld beskikbaar om die gefotografeerde VOC-amptenaarrolle voor die afloop van die TEPC-projek in Februarie 2008 tydens werksure te transkribeer nie. Danksy die ruim Prestasietoekenning van R50 000 deur die Van Ewijck Stigting van Kaapstad, wat gesamentlik aan die TANAP- en TEPC-projek vir voortreflike diens toegeken is, is hierdie 9 gefotografeerde bande na-ure deur die TEPC-span getranskribeer, geredigeer en tegnies verwerk, en vorm nou deel van die data op TEPC se 2008-CD.

Aangesien daar insgelyks heelwat jare se vryeliedelyste in die Kaapstadse Argiefbewaarplek ontbreek, het bogenoemde fotograaf tydens sy besoek aan die Nasionaal Archief ook reeds 'n deel van hierdie lyste van Kamer Zeeland afgeneem.

Die Nasionaal Archief ontvang in alle gevalle sowel die afbeeldings van die argiefmateriaal wat deur hulle beskikbaar gestel is, asook die gedigitaliseerde en verwerkte produk(te) daarvan.

Die Tracing History Trust het na afloop van die TEPC-projek besluit om fondswerwing te doen vir die transkribering van hierdie vryeliedelyste wat in 2007 in die Nasionaal Archief gefotografeer is.

Danksy 'n skenking van R15 000 Cordis Trust waarvan dr. Fanie Marais die hooflid is, is die afbeeldings van die ontbrekende jare NA12646 in 2009 getranskribeer en geredigeer.

Die Van Ewijck Stigtingsbestuur het in Junie 2010 'n bedrag van R10 000 bewillig vir die transkribering van NA12647 wat afgehandel is. Met 'n tweede skenking van R10 000 in Maart 2011 word sover moontlik met NA12648 gevorder.

## DEEL II

### Borg 'n Boek-projekte

Die volgende lopende projekte geniet tans voorkeur vir afhandeling, hoewel daar nog etlike ander Trust-projekte is wat, indien befondsing op deurlopende grondslag gevind kan word, ook graag voorgelê wil word vir oorweging, onder andere die reeks “Slave and Hottentot Registers” wat in die Kaapstadse Argief gehuisves word.

#### 4.1 Projek 1

##### 4.1.1 Vryliedelyste afkomstig uit Nasionaal Archief, Den Haag

Die eerste dokumente waarvoor fondse gewerf word, is die Vryliedelyste van die Nasionaal Archief, wat onder die Borg 'n Boek-projek ingedeel word. Van die Vryliedelyste (meestal van Kamer Zeeland) wat in 2007 in die Nasionaal Archief gefotografeer is, is daar nou nog 2 bande oor waarin 8 jaar gedek word.

Die doel van die Trust is om befondsing te verkry per boek, gebaseer op die aantal bladsye per jaar. Daar is gevolglik besluit om befondseers te nader vir skenkingsvir die beskikbaarstelling van soveel moontlik bladsye per band of per jaar.

##### 4.1.2 Vryliedelyste afkomstig uit die Kaapstadse Argiefbewaarplek

Die Kaapse Argiefbewaarplek huisves ook monsterrolle van vryliede (verwysingsnommers: VC 49-55), d.w.s. naamlyste van vryburgers aan die Kaap en die gebiede waar hulle woonagtig was.

Aangesien die werksaamhede van die TEPC-projek in Februarie 2008 formeel gestaak is, kon slegs twee bande, naamlik VC 49 en VC 50, voor die afloop van die projek gedeeltelik afgehandel word deur lede van die TEPC-transkriberingspan. Die volledige digitalisering van hierdie reeks is van besondere belang aangesien die vryburgers hierin verteenwoordig word.

##### Besonderhede aangaande VC 49-55

Onderstaande reeks monsterrolle van vryliede in die KAB moet nog gedigitaliseer, dit wil sê getranskribeer, geredigeer en geformateer word met die oog op toeganklikmaking aan die publiek. Laasgenoemde aspek impliseer die voorbereiding van 'n Trust-CD waarop sowel die KAB-reeks as die NA-reeks van vryliedelyste verskyn.

Die volgende uiteensetting handel oor die VC-bande wat in die Leeskamer van die KAB gedigitaliseer moet word:

Verwysing	Jare betrokke	Werk te doen	Aantal foliobladsye	Totale aantal foliobladsye
VC 49	1702-1725	Reeds getranskribeer; nog redigeer	568	
VC 50	1726-1733	Reeds getranskribeer; nog redigeer	265	833
VC 51	1734-1741	Nog transkribeer en redigeer	327	

VC 52	1742-1750	Nog transkribeer en redigeer	422	
VC 53	1751-1759	Nog transkribeer en redigeer	738	
VC 54	1760, 1762-1764, 1766-1769	Nog transkribeer en redigeer	797	
VC 55	1770-1774	Nog transkribeer en redigeer	435	2,984

### Deur die Trust verskaf

- Kundige personeel (3 persone as transkribeerders/redigeerders)
- Skootrekenaars en ander tegniese apparatuur
- CD met alle gedigitaliseerde VC-werk aan die befondser en die KAB as bewaarder/huisvester van die inligting
- Vorderingsverslag aangaande die projek aan befondser.

## 5.2 Projek 2

### Dagregisters van Kaapse goewerneurs uit die Nasionaal Archief, Den Haag

Waarom die Kaapse Dagregisters digitaliseer?

Volgens kundiges beskik die Haagse kopieë van die VOC-reeks van Kaapse Dagregisters oor sogenaamde ‘Marginalia’ wat in die Kaapse bande ontbreek; die kopieë wat in die Nasionaal Archief gehuisves word, is dus vollediger as dié in die Kaapstadse Argiefbewaarplek. Hierdie feit bied genoegsame motivering om so ’n projek aan te pak en aan Borg ’n Boek-befonders voor te lê.

Naas die Resolusies van die Politieke Raad wat reeds tydens die TANAP-projek digitaal beskikbaar gemaak is en op sowel die TANAP-webblad (<http://www.tanap.net>) as op CD verskyn, is die Kaapse Dagregisters bestaande uit amptelike aantekeninge van alle wetenskaplike waardighede wat aan die Kaap plaasgevind het, onder andere vanuit ’n kultuurhistoriese en sosiale oogpunt, van heel groot belang.

Dieselfde geld die Dagregisters se aansluiting by en aanvullig van die inhoud van die argiefreekse wat tydens die TEPC-transkriberingsprojek gedigitaliseer is, naamlik MOOC8 (inventaris van intestate boedels), MOOC10 (vendusierolle), CJ’s (Oosterse bannelinge, asook gevangenes op Robbeneiland en in die Kaap) en monsterrolle van VOC-amptenare.

Die Trust het besluit om weer eens die amptelike argieffotograaf, Johan Liebenberg, na die Nasionaal Archief in Den Haag te stuur om soveel as moontlik van die geïdentifiseerde dagregisters en ander dokumente wat in die Kaapstadse Argiefbewaarplek ontbreek, af te neem.

Cordis Trust van dr. Fanie Marais, asook ZASM (Zuid-Afrikaanse Spoorwegmaatschappij, Zuid-Afrikahuis, Amsterdam) het elk R15 000 bewillig vir hierdie werksbesoek van twee weke aan Nederland.

Danksy die volledige oopstelling van die Nasionaal Archief se fasiliteite, onder andere die argiefdokumente en werksruimte, was dit moontlik om die volledige opdrag namens die Trust af te handel. Die fotograaf het ongeveer 4 400 foto’s geneem en het daardeur alle verwagtinge

van die vereiste 2 500 afbeeldings wat deur die Trust gestel is, oortref. Elf jaar se dagregisters van Kaapse goewerneurs (1687, 1692, 1695, 1699, 1700, 1704, 1706, 1709, 1713, 1714 en 1789), 'n sonderlinge kaart van Mosselbaai, asook 'n reeks vertaalde briewe (“translate”) van Oosterse adellike bannelinge aan die Kaap is in hierdie tyd afgeneem.

Sodra die Trust befondsing kan kry, sal hierdie afbeeldings getranskribeer, voorberei en op CD geplaas word, sodat dit vir openbare gebruik beskikbaar kan wees.



*Trust-fotograaf, Johan Liebenberg, werksaam in die Nasionaal Archief, Den Haag*

Onderstaande kaart is van die Mosselbaai-omgewing (met die Klein- en Groot-Brakrivier) duidelik aangedui. Die kaart verskyn ook in die *Grote Atlas van Afrika*, 'n praguittawe wat in 2009 deur die Nasionaal Archief in Den Haag bekendgestel is. Die kaart vorm deel van die dagregister van goewerneur Johan de la Fontaine se reis in 1734 na Mosselbaai en die 'Hotteniqua's Bosch'.




*Kaart van Mosselbaai en omstreke (1734)*

## 6. Voordele vir befonders

- 6.1 Elke befondser, hetsy organisasie of persoon, word vermeld onder andere in die Inleiding tot die getranskribeerde Vryliedelyste wat op CD verskyn. Dit geld insgelyks die Dagregisterprojek.
- 6.2 Befonders kry plaaslike en internasionale blootstelling, aangesien 'n lys met die name van sodanige organisasies of persone opsigtelik op die betrokke Internetwebblaai en moontlik ook op ander elektroniese platforms sal verskyn.
- 6.3 Elke befondser ontvang 'n bepaalde aantal komplimentêre CD's.
- 6.4 Elke skenking, afgesien van die grootte van die bedrag, vorm 'n uiters belangrike skakel in die doelwitketting van die Trust, naamlik dié van die bewaring van Nederland, Vlaandere en Suid-Afrika se gesamentlike en gemeenskaplike erfenis.

Die volgende is twee afbeeldings van die Vryliedelyste wat  
in Oktober 2007 in die Nasionaal Archief geneem is



# Alphabet Voor Zeland

**A**  
 Abram Matthyj s. p. 163  
 Adriaen Vales, Middelburg 169  
 Adriaen Kruumstra, 172  
 Anthony Garre, 176  
 Adriaen Aank, 177  
 Cornelis Halgreen, 178  
**D**  
 David Jacobs, 160  
 Daniel van der, 161  
 David P. 162


**B**  
 Bartholomeus, 150  
 Bartholomeus, 161  
 Bartholomeus, 167  
 Bernardus, 170  
 Benjamin, 172  
 Benjamin, 172  
**E**  
 Eteling, 152  
 Eel, 173  
 Emanuel, 162

**C**  
 Christoffel, 152  
 Christiaan, 155  
 Christoffel, 157  
 Caspar, 159  
 Casper, 161  
 Casper, 163  
 Christoffel, 164  
 Cornelis, 166  
 Carl, 168  
 Christiaan, 169  
 Conrad, 171  
**F**  
 Frans, 160  
 Francisco, 175

**G**  
 Govert, 153  
 George, 166  
**H**  
 Hendrik, 161  
 Hendrik, 162  
 Hendrik, 166



Die volgende is afbeeldings van die eerste vier folio's van 1709 se dagregister wat in April 2010 in die Nasionaal Archief geneem is



# Journal, of Dag

verlaag der voornamen en  
merkwaardigste Daaden, van  
dag tot dag, in dit gouverne-  
ment voorgevallen, en gepas-  
teert, geredden mit Sathel  
de goede Hoop van den Jaare  
Seventien. Londen negen

## Januarij

Maandag den Erste. Na dat het oude Jaar onder-  
vee, kuren milorigken, zeegen en genaade, s  
buigten enige merkwaardige rampen,  
of aansal van vijanden, in de midde,  
magt gode zij dank gelukkig afgeto-  
pen, en de slok twaalf iuren geslagen  
was, Zoo werd het nieuwe Jaar, volgens  
al ouder gewoonte met Mancu pieten  
van 't Sathel geintroduceert, en ver-  
mits de 20. wind voort eyndigen van  
't oude Jaar nog was gaan seggen,  
Deo brakt den dagemaad onder ten ver-  
quichend see agnuptie, mit seer lustlyk  
weex aan, des smorgens ten negen  
iuren soe begaven naar de seiden van

de  
nummer

Januury Int fasteel de Goede Hoop 1709

de E. Adtl. Politicq. en Justitieele Raader,  
ou van de verover Collegien, mitsgaders  
de aanzienlykste Sont dienaren, en  
vrijlyden beneuont Raare Brest Lijst,  
stoude binnent fasteel, int Lijst van  
i E. Heer goüvernr, en leyde aan syn  
E. <sup>hoo</sup> behoorlyke pligt int wenspen  
van een geluk salig nieuwe Jaar of,  
die alle seer amiaabel by syn E. syn  
bedankt, en vrendoetig aldaar ter end,  
dagmaal geloudeu, en getraectert ge  
worden, tot savonds ten neugen lüer,  
als wanneer een ygelyk (na desen dag  
met besondere vrblykheit, genoegeu,  
en eindragt doorgebracht, ten syn E.  
bedankt te hebben.) sig na syn  
lijst begaf, teegen den avond groot  
de wind weder E. en woey met lorten  
sontyos styt door.

Woensdag. I was de wind weder wettelyk  
ent weer tot in den agtermiddag seer  
aangenaam, als wanneer de wind wat  
naft liyden krobkende, het moy be  
gon  
nu

Januarij Int Casteel de Goede Hoop 1709.

gen te sacht neegenen, dat tot aan den  
avond continueerde.

Donnerdag 3<sup>de</sup> weer en wind meest als of gisteren,  
Savonds quam er wel een zwarte donkere  
lucht nigt der opsellen, dog daar en is geen  
vegt gevallen.

Vrijdag 4<sup>de</sup> bracht den dageraad onder een  
westelyke quere bruide, betrokke lucht,  
en fyne stofregen aan, welke reegen  
des sonnigens entrent ten neegen uuren  
sekerde, blyvende de lucht voort den heel  
dag met zwarte dyp wolken, en quere  
wind beset.

Saterdag 5<sup>de</sup> was de wind voordemiddag met een  
meer weer nog al westelyk, en groot  
vrocht nademiddag int 2. 4. 1. te van  
waare vrij quere, en styp quam door te  
voelen.

Zondag 6<sup>de</sup> onvert aankomend selighe maak  
tent reden een besonder frist aangenaam  
weer, des reeren xijstog is na gewoonte  
stigtelyk doorgebragt, en sin reglig weerd  
door den eerw. pred. daillig voer en  
nademiddag den volke verboudigt.

Maandag  
munt